

Inhoud hierdie preek wys dat die wyse waarop God kinders van God maak is om hulle te verenig met sy Eniggebore Seun. Om ingesluit te word in wie die Eniggebore Seun vandag as mens in die hemel is, is die skeppingsdaad waardeur God mense as sy kinders verwek. Wie ingesluit is in wie die Eniggebore Seun is, is uit God gebore. Vertroue in God is 'n skepping van God, net soos vertroue van kinders in hulle ouers deur hulle ouers geskep is deur hulle as kinders te verwek. Daarom is Christene kinders van God: hulle is uit God gebore, verwek deur hulle vereniging met wie Christus as mens vir hulle is. Vandag word hierdie karakter van geloof Christene ontsê deur die magshouding van 'n goddelose gemeenskap dat hulle moet aanvaar dat hulle self besluit en gekies het om te glo soos hulle glo, nes ander godsdienste. Daarom moet Christene verklaar dat hulle glo soos ander glo: hulle maak vir hulle self 'n god om in te glo. Christene het nie 'n god met hulle geloof verwek nie. Hulle is uit God self gebore.

Skriflesing Johannes 1: 9 – 14; 3:1 – 21; 1 Joh. 4: 1- 6.

Teks Joh. 1:13 “Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.” NAV

Tema: Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

1. Johannes kondig in sy evangelie Kersfees aan as die tyd van twee geboortes: die geboorte van Christus en kinders van God wat uit God gebore word.

- Die geboorte van Christus word in vers 14 so aangekondig: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”
- Die geboorte van God se kinders word so aangekondig: “Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van die mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.” 1:13

Dit is die Kersaankondiging van die Johannes evangelie: Christus se geboorte is die skeppingsdaad wat maak dat kinders van God uit God gebore word.

2. Uit God gebore, is die kenmerk van kinders van God volgens die apostel Johannes. In sy brief 1 Johannes stel hy dit herhaaldelik:

- Ons weet dat elkeen wat reg doen uit God gebore is 2:29;
- Elkeen wat uit god gebore is, doen nie meer sonde nie, ... omdat hy uit God gebore is. 3: 9;
- Elke gees wat bely dat Jesus Christus as mens gekom het, is uit God ... 4:2;
- elke gees wat dit nie van Jesus bely nie, is nie uit God nie ...4:3;
- Ons is uit God, en wie God ken, luister na ons. Wie nie uit God is nie luister nie na ons nie. 4:6;

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

- Laat ons mekaar liefhê, want die liefde is uit God en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. 4:7;
- Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit god gebore, ...5:1
- Want elkeen wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; 5:4
- Ons weet dat niemand wat uit God gebore is, aanhou sonde doen nie, 5:18;
- Ons weet dat ons uit God is, 5:19. Nuwe Afrikaanse Vertaling.

3. Wat beteken hierdie uitdrukking, uit God gebore?

Die betekenis van hierdie uitdrukking is werklik eenvoudig. Dit word sonder enige onduidelikheid in Johannes 1 vers 12 en 13 gestel: God gee mense die reg om kinders van God te word deurdat Hy hulle as sy kinders verwek. Die uitdrukking, hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van die mens of die besluit van 'n man nie, dui eerstens op die seksuele verwekking van kinders. Die letterlike Grieks vir "van nature" is "nie uit bloed nie", die "drang van die mens" van die mens" is "liggaamlike drang, en besluit van 'n man beteken die wil van 'n man om kinders te verwek.

Daarmee wys Johannes om kind van God te word, is nie dieselfde om net deur mense verwek en gebore te word nie. Net God maak mense kinders van God. Mense kan nie ander mense kinders van God maak nie. Ook nie pa's en ma's nie. Pa's en ma's maak nie kinders van God wanneer en deurdat hulle kinders verwek nie.

Net God maak mense kinders van God.

Daarom beteken die uitdrukking "uit God" en "uit God gebore" soos dit in die brief van Johannes gebruik word: God het my sy kind gemaak deur 'n skeppingsdaad van God self, sonder enige medewerking van enige mens. 'n Skeppingsdaad uit sy liefde en tot sy liefde.

God maak my nie sy kind deur ander mense of die liefde van ander mense nie. Net soos mense net hul eie kinders maak, uit en tot hul liefde as ouers, en nie anders mense se kinders kan maak nie, is dit net God alleen wat mense sy eie kinders maak.

4. "Uit God gebore" is nie maar 'n uitdrukking wat Johannes self opgemaak of uitgedink het nie. Dit is sy erkenning van en belydenis van dit wat die Here self openbaar in sy gesprek met Nikodemus. Christus se openbaring van hoe mense kinders van God word, is dat hulle:

- nuut van bo gebore te word;
- uit water en uit die Gees gebore word.

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

Christus noem die skeppingsdaad waarmee Hy as God, dit is Jesus self, mense kinders van God maak, om “opnuut van bo” en “deur water en Gees” gebore te word.

Nikodemus se misverstand oor om van bo opnuut en deur water en Gees gebore te word, wat hy dan ’n tweede of wedergeboorte noem, wil juis wys dat hy niks verstaan of glo van wat Christus openbaar oor kinders van God nie.

Die werklike punt van verskil is egter dat Christus stel dat net God maak mense kinders van God, deur ’n skeppingsdaad soortgelyk aan mense wat kinders verwek. Nikodemus wil dit nog steeds verstaan as iets wat mense self doen, en verstaan die Here daarom glad niks nie.

5. Christus se tweede verduideliking van hierdie geboorte van bo moes vir Nikodemus die sleutel gewees het om Christus se woorde te verstaan: “om deur water en Gees gebore te word.”

Waarna verwys hierdie uitdrukking van die Here? Dit verwys na Esegïel 36 verse 24 – 28. Kom ons lees dit saam: “²⁴Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. ²⁵Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. ²⁶Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. ²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. ²⁸Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.”

Jesus gebruik die woorde “water en Gees” uit die sinne “Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi” en “Ek sal my Gees in julle gee” as ’n samevatting vir hierdie hele verbondsbelofte van God.

Hierdie belofte wys dat alles waardeur Hy mense laat deel in sy verbondsbeloftes, is net deur sy magtige skeppingsdade as God: Daarom die soewereine magsverklaring – “Ek sal”. Nie julle nie, geen ander mense nie, net Ek, God sal hierdie ondernemings vir julle waar maak. Daarom is “uit God gebore” ’n sinoniem vir die verbodsverklaring van God “Ek sal.”

6. Daarom beteken om uit die Gees gebore te word, dat die Here jou

- reinig van jou onreinheid en afgodery;
- jou deel van sy kerk maak en uit al die afgodsdienste bevry;
- jou sondige aard wegvat en jou ’n nuwe geaardheid gee wat God en sy geboorte liefhet;
- wat jou insluit en laat deel in god se liefde, dit is sy Gees in jou gee.

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

Hulle vir wie God dit gedoen het, is uit God van bo nuut gebore!

Hierdie skeppingsdaad van God om mense van bo nuut gebore te maak en te laat deel in al sy verbondsondernemings, beskryf die Here dan vir Nikodemus met die spreuk oor wind: “Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heengaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

Die skeppingsdaad waardeur net God mense sy kinders maak, kan net so min soos God gesien en geken word. God doen wat Hy wil doen soos Hy dit doen, sonder dat mense dit kan bepaal of daaraan kan meedoen. God se magsdaad om mense sy kinders te maak, is ook nie iets wat mense weet waar dit vandaan kom of waarheen dit gaan nie.

Maar net soos jy die geluid van wind kan hoor en sy effek in die bome en huise kan raaksien, net so kan jy hoor en sien dat God mense sy kinders maak!

7. Hoe doen God dit?

Dit is die bedoeling van Nikodemus se vraag: Maar hoe is so iets moontlik?” Hoe is dit moontlik dat net God alleen mense sy kinders maak sonder enige wil, besluit, drang of begeertes van mense?

Met hierdie vraag kry die verklaring van Johannes in 1:13 nou ’n tweede betekenis: mense is nie van nature God se kinders nie, hulle is dit nie deur die drang van die mens of die besluit van ’n man nie. Nikodemus het die bedoeling van die Here oor hoe jy kind van God word baie duidelik aangevoel. Jy is nie sommer ’n kind van God, besluit om ’n kind van God te word of te wees of word ’n kind van God deur jou begeerte en drang om ’n kind van God te wees nie. Jy kan nie so ’n kind van God word nie.

Hy was ’n Fariseër!

Hulle het geweet hoe mense kinders van God word! Hulle word kinders van God wanneer hulle God se gebooie aanvaar en gehoorsaam. Hulle moet die begeerte en drang hê om kinders van God te word en dan moet hulle hul bekeer en aan God gehoorsaam word. Om te stel dat mense net kinders van God kan word, deur uit God gebore te word, het Christus ’n streep getrek deur elke manier waarop mense kinders van God kan of wil word.

8. Daarom die vraag dan: hoe doen God dit dan?

Dit is die antwoord wat Johannes in 1:14 opsom. Die manier waarop God mense kinders van God maak, is dat Jesus wat self God is, wat die Woord is, self ’n mens

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

geword het. Dit is die manier waarop God mense kinders van God maak, deur dit wat op Kersdag gebeur het: God het mens geword in die stal van Bethlehem.

Christus stel dit aan Nikodemus so: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.” 3:16 Die Grieks vir die vertaling “enigste Seun” is eniggebore Seun. Dit is hoe die kerk dit in die evangelie bely: Ek glo in Jesus Christus sy eniggebore Seun, ons Here.” Dit is hoe mense uit God gebore is: deur ingesluit te word en deel te wees van wie die eniggebore Seun vir hulle is. Ons word uit God gebore deur die eniggebore Seun! Ons word uit God gebore deur ons vereniging met die eniggebore Seun.

Dit is hoe God dit doen!

Dit is wat die Gees van God doen: Hy sluit ons in in wie Christus is wat mens geword het en Hy laat ons deel in alles wie Christus as mens in ons plek is. Wie ingesluit is en deel in wie die eniggebore Seun is, God wat self vlees mens is, is uit God gebore.

Uit God gebore is die skeppingsdaad van die Gees om ons in te sluit en te laat deel in wie Christus is, wat mens geword het. Daarom word die geboorte van Christus as mens en ons geboorte uit God direk aan mekaar verbind.

Wie in Christus ingesluit is, is deur die skeppingsdaad van God ingesluit. Dit is die skeppingsdaad van God wat ons in alles laat deel wie Christus as mens is en daarom is dit die skeppingsdaad van God wat ons laat glo in Jesus Christus wat God is wat vir ons mens is!

Dit is hoe God dit doen!

9. Wie het die Heilige Gees wat soos 'n wind waai ontvang? Wie is kinders van God wat uit God gebore is?

Hulle wat glo in Christus, wat die eniggebore Seun van God die Vader is wat vir en in ons plek mens was aan die kruis en vandag mens is in die hemel!

Kyk hoe duidelik stel die apostel dit in sy brief: “Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van god afkomstig is.” 1 Joh. 4: 2 en “Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore.” 1 Joh. 5:1 NAV

Dit is die versekering van die Woord van God: ons wat glo dat Jesus God is wat vir ons mens was aan die kruis en vandag vir ons mens is in die hemel, soos Johannes stel dat Jesus verhoog is (3:14)

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

- kan dit net glo omdat ons ingesluit is en deel in wie Jesus Christus is
- en hierdie geloof is soos die geluid van die wind, dit wys dat ons die Gees van God ontvang het wat ons insluit en laat glo in Jesus Christus.
- en dit kan ons net omdat ons uit God gebore is. God het ons deur 'n skeppingsdaad ingesluit in Christus en daarom glo ons in Hom.
- Elkeen wie in Christus glo, God wat in ons plek mens is, die Woord wat vlees geword het, is uit God gebore.
- Verenig met die eniggebore en uit God gebore!

Dit is hoe ons is wie ons as gelowiges is: ons is uit God gebore. Ons is nie wie ons is deur of ons eie of ander mense se begeertes, se besluite, se wil of keuses nie. God het ons gemaak wie ons is: verenig met die eniggebore en uit God gebore.

10. Ons mag nie meer vandag in die Christelike kerk of in die wêreld hierdie identiteit hê nie: kinders van God deur die magsdaad van God alleen; kinders van God uit God gebore nie.

Dit is teen alles wat vandag deur die breë geestelike gemeenskap en die openbare gemeenskap geglo en toegelaat word. Die magshouding teenoor ons as kinders van God klink só:

- Jy mag jou eie geestelike ervaring met God hê;
- Jy mag jou eie mening, opinie en idee oor God hê;
- Jy mag oor God jou eie geloofsopvatting en oortuigings hê;
- Jy mag van God jou eie geloofskonstruksie maak,

maar jy mag nooit die vermetelheid, die aanstellerigheid of die verspotheid hê om te maak asof jy uit God gebore is nie. Jy mag nie maak asof net jy wat glo in Jesus Christus, net jou wat ingesluit en verenig is met die eniggeborene, deur God self as sy kind gemaak is nie.

Elkeen mag 'n geloof in God hê, maar daar mag nie werklik net een God wees wat mense werklik sy kinders maak nie!

Hierdie magshouding van die gemeenskap teen die kerk dwing ons in in die selfopgelegde nederigheid dat ons ons geloof in Christus bely as net maar ons manier om in God te glo omdat dit is soos ons grootgeword het. En ons doen hierdie belydenis met die houding dat ons mekaar se geloof respekteer, omdat ons op die ou einde tog maar almal in dieselfde God glo.

11. Wat maak hierdie respek wat ons vir almal se gelowigheid het, met God?

Wat doen 'n kind aan sy ouer wanneer hy glo alle kinders is tog maar op die ou einde sy pa en ma se kinders? Wat doen hierdie tipe broederskap van kinders met ouers?

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

Dit is die diepste verloëning van wie en wat 'n ouer is. Om jou pa en ma te wees beteken dat ons jou verwek het in die liefde vir mekaar en tot die liefde wat net ons vir jou sal hê, niemand anders nie.

Ander kinders is nie hulle kinders nie. Hulle is nie verwek nie en daarom kan hulle nie maar ook almal sommer net jou broers en susters wees nie. Vriende is nie broers en susters nie, en om broer en suster te wees, is nie iets wat jy kan uitdeel aan jou vriende nie. Net ouers kan vir jou broers en susters verwek.

Dit is wat hierdie respek vir ander mense as mense wat ook maar soos ons kinders van God is op hulle manier met God doen: dit ontken dat God alleen sy eie kinders verwek en dat net hulle wat Hy verwek sy kinders is.

Dit ontken dat Jesus God, die eniggebore Seun wat mens geword het en dat die Vader sy kinders verwek deur hulle in te sluit en te verenig met wie Christus as mens vandag in die hemel is.

Dit was Christus se antwoord aan Nikodemus op sy vraag: "hoe is so iets moontlik"? Dat God kinders kan verwek! Dat God se kinders uit God gebore is en daarom uit God is! Ons respek vir ander mense se gelowe asof hulle ook maar so God se kinders is, ontken dat God self sy kinders maak in en deur Jesus Christus.

12. Dit ontken nie net God se herskeppingdaad om vir hom kinders te maak deur Christus nie, maar dit verwring en verander geloof in Jesus Christus om iets totaal anders te wees as geloof in Jesus Christus.

Maak kinders se vertrou in hul ouers hulle kinders van hul ouers, of maak ouers se ouerskap dat kinders hulle kan vertrou? Skep kinders se vertrou ouers of ouerskap in kinders vertrou?

Dit is die diepte van kinderlike vertrou: ek vertrou hulle want hulle het my verwek. Baie keer sien ons die krag en diepte van hierdie ouerskap in die werklikheid dat maak nie saak hoe sleg, hoe afwesig, hoe wreed of gevoelloos ouers is nie, kinders vertrou hulle omdat hulle deur hul ouers verwek is!

Hoekom vertrou ons Jesus Christus as ons Here?

Dit is omdat ons uit God gebore is! Dit is omdat die Heilige Gees ons ingesluit het en verenig het met die eniggebore Seun en ons so kinders van God gemaak het. Ons vertrou in Jesus Christus is geskep deur dat God ons sy kinders gemaak het.

Wanneer ons dan nou kom en maak asof ons net soos al die ander mense in God glo, dan maak ons ons geloof net soos hulle geloof: ons glo dit wat ons oor God glo omdat ons dit wil glo, dit is die besluit van 'n man; ons glo oor God wat ons glo omdat

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

ons ouers so geglo het, dit is uit ons bloed, van nature; ons glo in God soos ons in god glo, omdat dit ons begeerte en drang is om so in God te glo, dit is deur die drang van die mens.

'n Geloof wat God God maak! 'n Geloof van 'n kind maak mense pa's en ma's! Dit is nie geloof nie. 'n Kind wat glo sy vertrou in hulle wat sy ouers is, maak hulle 'n pa en ma, is 'n eiemagtige mens wat 'n selfgewaande lewe leef.

Dit is wat respek vir ander se gelowe as geloof in God jou maak: iemand wat dink ons maak gode met ons geloof! God is ons skepping en ons verwek God uit ons wil, ons drang en ons gewoontes!

En Jesus is net nog een wat ons gewek het deur ons geloof!

13. Hoekom mag ons nie bely wie ons is en hoe ons is wie ons is nie: ons is kinders van God, deur God self verwek om deel te wees van sy liefde as God vir ons nie?

Hoekom moet ons ons self gelyk stel met hulle wat nie kinders van God is nie? Nie ingesluit is by die eniggebore Seun nie?

Dit is die ontdekking wat u vanoggend moet maak! Dink u dit is uit respek vir God dat mense daarop aandring dat elkeen sy eie god kan verwek met sy eie selfopgemaakte geloof?

Dink u dit is uit 'n diep broederliefde van alle mense vir mekaar, dat hulle daarop aandring dat jy nie jouself mag sien of aanvaar as God se kind, deur God self verwek nie?

Die diepste drif in hierdie eis van selfontkenning, jy mag nie weet jy is uit God gebore nie, jy mag nie erken dat God op sy manier sy eie kinders uit die mensdom verwek nie, is die drif dat daar geen regte God is wat regtig mense kinders van God maak nie.

Jy moet met hierdie goddelose geloof leef: alle gode is uit die wil en besluit van 'n man, uit die gewoonte van mense en uit die drif en drang van mense. Daar is nie 'n Skepper wat vir Hom kinders maak sodat hulle uit god gebore is nie.

14. Kerstyd is nie die tyd van die gelukkigheid, vrede en blydschap met al die gode en al die gelowe van die wêreld nie.

Dit is die tyd waarin God mens geword het en onder ons kom woon het. Dit is die besondere tyd waarin Christus gebore is om die mens te wees in en wie ons verenig word om deel te wees van alles wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het.

Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is

Dit is dit tyd waarin ons moet ontdek: ons het die Gees van God ontvang wat ons kinders van God gemaak het. Ons is uit God gebore! Ons is deur god verwek om te wees wie ons is.

Dan sal ons die verwondering vind van geloof in Jesus Christus!

Ek vertrou nie Jesus Christus omdat ek besluit het of gekies het om te glo nie. Ek vertrou Jesus Christus omdat ek 'n kind van God is. Omdat ek uit God gebore is, ingesluit is en verenig is met die Eniggeborene, vertrou Ek Hom.

Toets u geloof in Christus weer aan ons voorbeeld: vertrou kinders hul ouers omdat hulle deur hul ouers verwek in liefde tot liefde, of glo kinders in mense om hulle hul ouers te maak?

Wie Jesus Christus as Here vertrou leef in die wonder dat God hom as kind verwek het uit liefde en tot liefde. Wie Christus vertrou as Here, is uit God deur die gawe van die Heilige Gees.

Kom ons ontdek weer ons identiteit en die karakter van ons geloof in Christus in hierdie Kerstyd. Kom ons verwerp die goddeloosheid dat elkeen sy eie god glo en opmaak! Kom ons verwerp die broederskap van hierdie wêreld wat ons Vader en sy Seun ontken!

Ons geloof in Christus is geskep in God deur die skeppingsdaad dat God ons sy kinders gemaak het. Ons vertrou Christus as Here omdat ons uit God gebore is.